Kruispad

Die reis van my lewe, oor ver en vreemde paaie, oor berge en riviere
het my uiteindelik tot hier gebring
Nou staan ek by ´n kruispad met soveel keuses om te maak
Soveel rigtings om te kies
Soveel stemme wat my dring
Dit voel asof ´n donkerte my denke kom bedek
Soos dowwe rigtingwysers aan ´n paal
Daarom kyk ek op na U en vra ek leiding op my pad
Want ek weet ek is verlore
Help my Here Jesus ek het verdwaal

Help my om te glo dat U die pad vir my sal wys
Al weet ek gladnie waarheen U wil gaan nie
Help my glo dat U by my is elke oomblik van die reis
Al kan ek U reisplan nie verstaan nie

Die reis van U lewe, was oor gewone aardse paaie, nederig gehoorsaam
om die wil van U Vader te volbring
U opdrag was die kruispad Net een keuse klaar gemaak
Net een rigting reeds gekies
Net één stem wat U dring
En toe die sonde van die wêreld in die donker U bedek
Kom daar rigtingwyserwoorde deur die pyn
Toe U opkyk en uitroep voor U sterwe aan die kruis
Want die wêreld was verlore - maar deur U offer aan die kruishout
het ons sondeskuld verdwyn

Here help my om te glo dat U die pad vir my sal wys
Al sien ek net een enkel tree vooruit
Help my glo dat U by my is elke oomblik van die reis
Help my om te loop soos U besluit

Help my glo dat U by my is elke oomblik van die reis
Want U loop op my kruispad voor my uit

As ek net kon

As ek net kon sou ek die seer van elke mens wou verlig
As ek kon sou ek saam die las help dra
As soveel mense smekend neerval dat Hy hul wonde sal genees
sou ek so graag die hande van my Jesus
vir elke een wou wees

As ek net kon sou ek die wêreld van Sy blydskap wou vertel
As ek kon sou ek die tyding weer herhaal
Wanneer die volke van die aarde die oorlogspad betree
sou ek so graag die vrede van my Jesus
vir elke volk wou gee

As ek net kon sou ek die vreugde van die hemel vir jou gee
As ek kon sou ek jou in Sy arms plaas
Ek sou vra dat Hy jou optel en jou styf teen Hom sal hou
sodat die volle liefde van my Jesus
jou altyd toe sal vou

As ek net kon sou ek die weer-kom van die Koning wou verhaas
As ek kon blaas ek self die groot basuin
Maar tot daardie dag dan aanbreek
dat ons Hom oog tot oog sal sien
sal ek so graag wil lewe soos my Jesus
en Hom getrou wil dien

Genade (J. Botes)

As die son se laaste strale deur die doringbome skyn
En in die verte warrelwinde die rooi-geel stof omhein
Staan ek stom verbysterd nader met my oë na bo gekeer
Vind ek vrede in my Vader my Heer

As die storms eers verby is en die wolke prentjies maak
En die druppels strome water in die droë vore raak
Sing my hart ´n lied van vreugde, reik my hande self na bo
Weet ek seker dat ek in my Vader glo

Soos die maanlig die donker skadu's
wat my so bangmaak laat verdwyn
Is U liefde en U almag is U lig wat in my skyn
Soos die arend sweef daar bo met sy vlerke oopgesprei
is die Vader se genade ook vir my

As die boom sy blare afgooi en sy skadu skraler raak
en die blaremat verander soos die wind sy paadjies maak
Dors my siel na U beskerming na U sorg o troue Heer
Word verlange na die hemel meer en meer

Soos die maanlig die donker skadu's
wat my so bangmaak laat verdwyn
Is U liefde en U almag, is U lig wat in my skyn
Soos die arend sweef daar bo met sy vlerke oopgesprei
is die Vader se genade ook vir my

Soos die arend sweef daar bo met sy vlerke oopgesprei
is die Vader se genade ook vir my

Nou is dit oorlog

Hoor die gevegsbasuine van die Hemelgeneraal se leer
Die Sjofar roep die stryders om teen die vyand te marsjeer
En Jesus is die Koning die Een wat sy kinders vra
Sal jy saam met my opstaan ? Sal jy vir my die vaandel dra ?
Want dis Oorlog oorlog Nou is dit oorlog
Oorlog oorlog Nou is dit oorlog
Oorlog oorlog Oorlog oorlog
Oorlog vir die Hemel se leër

Lof in die mond van die stryders is ´n swaard met ´n dubbele kant
En om te glo in jou Koning is ´n pantserskild in jou hand
Want Jesus het belowe : Dis Hy wat die stryd sal stry
As ons Sy vaandel hoog hou maak die Hemelgeneraal ons vry
Want dis Oorlog oorlog Nou is dit oorlog
Oorlog oorlog Nou is dit oorlog
Oorlog oorlog Oorlog oorlog
Oorlog vir die Hemel se leër

Blaas die gevegsbasuine. Laat die hele wêreld hoor
Verkondig Sy oorwinning want die vyand het reeds verloor
En Jesus aan die kruishout het die duiwel uitgeklee
En so het Hy die oorwinning aan elkeen van ons gegee
Jesus trek hier voor jou in die sand
´n streep met Sy swaard se punt
As jy die moed het vir die eerste tree ...
Sal jy die kroon van die oorwinnaar
Anderkant die streep kan vind
Oorlog oorlog Nou is dit oorlog
Oorlog oorlog Nou is dit oorlog
Oorlog oorlog Oorlog oorlog
Oorlog vir die Hemel se leër

Sibongile (Alta Coetzer)

Sibongile, ek wonder of jy weet
Dat Jesus jou liefhet - Hy sal jou nooit vergeet nie
Jou naam is geskrywe op die palm van Sy hand
Dis Hy wat jou roep. Hy is aan jou kant

Sibongile, sal jy dit ooit verstaan
Sy lewe het Hy afgelê - die kruispad gegaan
Jou naam beteken : “Goddank vir jou”
maar in jou kort lewe moes jy seerkry aanskou
En het jy dit geweet, dan sou jy ook verstaan
Dit was ook nie vir Hom maklik nie om die kruispad te gaan
Hy roep jou na Hom toe Hy het jou baie lief
Hy deel jou pyn met jou Hy sal jou nooit vergeet nie

Sibongile, in jou oë sien ek Hom
Nie die pyn en die hartseer wat die mense sou verstom nie
Maar die liefde van die Vader in die onskuld van ´n kind
Ek bid dat deur my liefde jy vir Jesus nog sal vind
Want dan sal jy weet, en dan sal jy verstaan
Dit was ook nie vir Hom maklik nie om die kruispad te gaan
Hy roep jou na Hom toe Hy het jou baie lief
Hy deel jou pyn met jou Hy sal jou nooit vergeet nie

Sibongile, ek wonder of jy weet
Dat Jesus jou liefhet - Hy sal jou nooit vergeet nie
Jou naam is geskrywe op die palm van Sy hand
Dis Hy wat jou roep. Hy is aan jou kant

Dis Hy wat jou roep. Hy is aan jou kant

Somerkersfees Koos du Plessis

Welkom o stille nag van vrede onder die Suiderkruis
Terwyl stemme uit die ou verlede oor sterrevelde ruis
Kersfees kom
Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ´n helder somerkersfees aan hierdie land o Heer

Hoor jy hoe sag die klokke beier in eeue-oue taal
Kyk, selfs die nagtelike swye vertel die ou verhaal
Kersfees kom
Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ´n helder somerkersfees aan hierdie land o Heer

Voel jy ook nou Sy warm liefde as ons die dag gedenk
Toe Hy sy Seun aan ons gestuur het. Ons grootste kersgeskenk
Kersfees kom
Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ´n helder somerkersfees aan hierdie land o Heer

Leef U die preek in my

Die musiek is skielik stil - die kollig is nou af
In stilte staan die stom stoele ry op ry
Die mense is nou weg - die applous het weggesterf
Nog ´n kerkdiens, nog ´n preek is verby

Dit was ´n preek uit God se hart - die atmosfeer was reg
Die gehoor was net soos klei in my hand gewees
Maar nou is ek alleen - en self deel van my gehoor
Nou eggo my eie woorde in my gees

Want nou moet ek weer huis toe gaan
om my eie preek te leef
Om te gaan doen wat God so pas deur my gesê het
En ek weet dat dit só moeilik is om gestalte te gaan gee
aan die waarheid wat God in my hart kom lê het

Die hosannas is nou stil - die visioene is verby
Net die eggos van die kore klink nog agterna
En in die stilte voor ek gaan wil ek weer voor U kom kniel
om weer leiding - om weer hulp van U te vra

Want ek weet as ek nou huis toe gaan
sal U die preek moet leef
Deur U asem wat U in my gees kom blaas het
Want net deur U hier in my sal ek gestalte kan gaan gee
aan die woorde wat U in my mond geplaas het

Die mense is nou weg - nog ´n preek is verby
Here hier’s my lyf - Leef U die preek in my

Woordeliedjie Koos van der Merwe

Ek soek woorde wat kan heelmaak uit die boeke van die tyd
Ek soek woorde wat kan toemaak
daar waar niemand ooit mag kyk
Watter woorde sal kan stilmaak as die gisters hard wil praat
Watter woorde kan kom lig maak as die nag sy donker laat

O praat met my van yster
O praat met my van hout
O praat met my van asyn en spons
O praat met my van bloed

Ysterwoorde in hout gekap
Asyn op Hissop en purper lap
Ysterwoorde in hout gekap
Asyn op Hissop en bloed wat tap

Ysterwoorde maak heel
Doringkroonwoorde is goed vir die pyn
Eli Lama Sabachtani
Laat my eensaamheid verdwyn

Daar is woorde wat kan heelmaak uit die boeke van die tyd
Daar is woorde wat kan toemaak daar waar niemand ooit mag kyk
Daardie woorde sal kan stilmaak as die gisters hard wil praat
Daardie woorde kan kom lig maak as die nag sy donker laat

In the palm of your hand Alison Krauss

If I could have the world and all it owns
A thousand kingdoms a thousand thrones
If all the earth were mine to hold
With wealth my only goal

I'd spend my gold on selfish things
Without the love that Your life brings
Just a little bit more is all I'd need
'Till life was torn from me
I'd rather be in the palm of your hand
Though rich or poor I may be
Faith can see right through the circumstance
Sees the forest in spite of the trees
Your grace provides for me

If I should walk the streets no place to sleep
No faith in promises You keep
I'd have no way to buy my bread
With the Bible for my bed

But if I trust the One who died for me
Who shed His blood to set me free
If I live my life to trust in You
Your grace will see me through
I'd rather be in the palm of your hand
Though rich or poor I may be
Faith can see right through the circumstance
Sees the forest in spite of the trees

I'd rather be in the palm of your hand
Though rich or poor I may be
Faith can see right through the circumstance
Sees the forest in spite of the trees
Your grace provides for me

Skeppingswoord

Uit die hemel waar die Skepper is
Het eeue terug ´n skeppingswoord
uit God se mond gegaan
Soveel krag was daar in hierdie woord
´n hele heelal het ontstaan

God se Woord het toe ´n mens geword
Tussen ons het Hy kom bly en in liefde ons beveel
Met woorde wat ´n kind verstaan
die hart van God met ons kom deel
Met woorde wat ´n kind verstaan die hart van God kom deel

Ons woorde kan ook skep of breek
Wat ons verkies om uit te spreek maak stukkend of gesond
Want die mag oor lewe en oor dood
lê in die woorde van ons mond
Want die mag oor lewe en oor dood lê reg hier in ons mond

O Here help my om getrou te bly
Wees U die wag hier voor my mond
Help my lewe spreek o Heer
Laat my woorde soos ´n balsem wees
U genesing vir die seer

Laat my woorde soos ´n balsem wees
Genesing vir die seer

Laat my woorde soos ´n balsem wees
U genesing vir die seer

Die Seun van God

Kom kniel nou voor die Seun van God
Verhewe op die hoogste troon
Sy liefde vul die groot heelal
Hy dra na waarde die hoogste kroon
Al sou die skepping ook verdwyn
en alles hier tot stof vergaan
Bly Hy die Rots die Vredevors
Die Seun van God bly altyd staan

O God waar sal ons woorde kry
om ooit U grootheid te kan besing
Mag ons dan nou die hoogste offer
van eie lewe aan U kom bring
Wat is die mens dat U hom ken
en U eie lewe sou gee vir my
Hoe kan ons glo dat Een so groot
na ons sou kom en by ons sou bly

O Seun van God Immanuel
Ons skuld deur liefde uitgewis
Elke knie sal buig elke tong bely
dat Jesus Christus Verlosser is

O Seun van God ontvang ons lof
ontvang ons liefde en ons eer
Want uit ons hart prys ons U Naam
Jesus vir ewig God en Heer